trinitas

1 Verlos

Baie welkom by Trinitas!
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

SONDAG, 21 OKTOBER 2018

OGGEND 09:00

GOD SE GENADE ROEP ONS OP TOT AKTIEWE GELOOF

Skriflesing: Rut 2

Dis heel toevallig dat jy hierdie lees. Dis heel toevallig dat ek hierdie gedeelte geskryf het. Dis heel toevallig dat God ook hierdie klein gedeelte kan gebruik om met jou te praat. God is ten volle in beheer – altyd. Tog lyk dit dikwels asof iets net te goed is om waar te wees. Toeval is egter nie die beskrywing van God se werke nie. In Rut 2 sien ons dat God die details haarfyn beplan sodat ons ook so sy handewerk kan raaksien. Sy voorsienigheid strek wyer as net ons oorlewing – God se voorsienigheid getuig van sy goedheid. Daarom moet ek en jy antwoord deur ons dade wat getuig van die geloof.

AAND 18:00

VERBRUIKERSMENTALITIET – WANNEER IS GENOEG GENOEG?

Ons kan nie wegbreek uit 'n samelewing waar die verbruik van produkte en dienste so 'n groot rol speel nie. Ons moet daagliks ons behoeftes bevredig om te oorleef. Kos, klere, vermaak en ontwikkeling speel 'n kernrol in ons vooruitgang. Die hartseer realiteit is dat dit ons soms heeltemal oorweldig. Ons eie selfsug dryf ons tot 'n besef dat ons nooit genoeg kan hê nie. Hoe kan Christus vir ons steeds genoeg wees in 'n wêreld wat ons probeer oortuig dat "genoeg" nie bestaan nie?

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK

Vandag
Diakonievergadering

Dinsdag, 23 Oktober
Bybelstudie 18:30

Woensdag, 24 Oktober
Bybelstudie 09:00

SONDAGAANDE: 3E KWARTAAL

Datum	Geleentheid
21 Oktober	Aandbyeenkoms
28 Oktober	Aandbyeenkoms
4 November	Aandbyeenkoms
11 November	Aandbyeenkoms
18 November	Aandbyeenkoms
25 November	Nagmaal
2 Desember	Aandbyeenkoms
9 Desember	Aandbyeenkoms

facebook.com/GKTrinitas

Besoek GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, GKSA nuus en afkondigings.

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING
Kinders vanaf 2-9 jaar is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep. Kontak gerus vir Petra Tromp ☎0823316151 met enige vrae en voorstelle.

JEUGBEDIENING

Sondae 10:00: Graad 1 – 6
Sondae 16:30: Graad 7 – 11
Beplanning vanaf Sondag, 22 Julie:
Graad 1 – 3: Eenheid 6-8
Graad 4 – 6: Eenheid 6-8
Graad 7 – 9: Feelings and emotions, Followers of Jesus
Graad 10: Heidelbergse Kategismus

2 Familie

LIEF EN LEED

- Ria du Plessis ☎0825057039 is ontslaan uit die hospitaal.
- Elisma Jansen van Vuuren ☎0724102940 is opgeneem in intensief in Midvaal hospitaal met hartprobleme.

Ons bid vir alle ander lidmate wat met siekte en swakheid worstel.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.

VERJAARSDAE:HARTLIK GELUK!

21/10	Mikayla Viviers	☎0824473875
22/10	Petro Atkins	☎0832593798
23/10	Erno Nel	☎0825538104
24/10	Elsa Prinsloo	☎0794778699
24/10	Jan vd Westhuizen	☎0844890144

24/10	Yvette van Rooyen	☎0722442604
25/10	Liesje Beumer	☎0835642280
25/10	Hestie Venter	☎0836498372
26/10	Francine Louw	☎0824178226
26/10	Alta Muller	☎0723587714

SPESIALE VERJAARSDAE
25 Okt. Hestie Venter

HUWELIKSHERDENKINGS

26 Okt.	Floors en Bokkie Coetzee ☎0843906426	50 jaar

NUWE LIDMATE
Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en vul asb. die 'nuwe lidmaatvorm' by hom in.

TEESKINK
Vanoggend skink Anne-Marie Snyman se groepie, Sondag, 28 Oktober skink Jorien Duminy se groepie. Harriet Labuschagne ☎0833047499 is die sameroeper van die diensgroep.

BYBELSTUDIES
Dinsdae om 18:30. Stinkhoutsingel 18 (Christa Snyman ☎0798779882).
Woensdae om 09:00 by die kerkgebou. (tensy anders per SMS gekommunikeer)

DR. FRANS MINNIE
Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk vir lidmate van Gereformeerde gemeentes. Kontak die Kerkkantoor vir afsprake. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

TRINITAS-BOEKHOEK
Neem gerus van die boeke agter in die saal om by die huis te lees en bring dit weer terug wanneer jy klaar is daarmee. Franciska vd Merwe ☎0827818032.

OUDERLINGE AAN DIENS
Gert Visser, Paul le Roux

DIAKENS AAN DIENS
Rineke Visser, Warren Pile

KOLLEKTES
Onder die erediens vir Diakonale Kas
21/10 – Deputate Jeugsorg
28/10 – Teologiese Studentekas

GEHOORAPPARATE
Kan agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp.

MEDEWERKERS
Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

DIENSGROEPE
Agter in die saal, langs die welkom-toonbank, is daar plakkate met al Trinitas se huidige diensgroepe. Kontak gerus die sameroeper van die groep waarby jy geroepe voel om betrokke te raak.

SIEKEBESOEK DIENSGROEP
Indien jy belangstel om deel te word van die span, kontak vir James en Toetie Terblanche ☎0825723328, 0718721741

of 0169823565. Baie dankie aan almal wat so getrou siekebesoek doen.

KOSPAKKIE DIENSGROEP
Die volgende kan aangekoop word vir die kospakkies:
Sjampoe, handewasseep, wasgoedseep (koekies), toiletpapier, tandepasta, blikkies tamatie en uie, blikkies baked beans, blikkies gemengde groente, blikkies Pilchards, blikkies gemengde konfyt, grondboontjiebotter, soja maalvleis, pakkies sop, koffie, suiker, macoroni en cremora. Plaas dit in die houer gemerk 'diakonie skenkings' in die saal. **Jy kan ook 'n kospakkie borg @R200 (wat toiletware en kos insluit).** Baie dankie vir u ondersteuning. Sonder u bydraes sou ons nie dié in nood kon help nie. Kontak gerus vir Jolani Lourens ☎0823359586 om te kom help pak.

DIE HELPER is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakte of bejaarde lidmate, en vir enkellopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak NF van Tonder ☎0823356698.

VERSPREIDING VAN KLERE
Kontak voorlopig vir NF van Tonder☎0823356698 indien u wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang.

4 Gestuur

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS
Philip Snyman ☎0834681035, Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of Christa Snyman ☎0798779882.

HERWINNING
Die Here stuur ons om sy skepping op te pas om Hom ook so vir die wêreld wys.

Kom laai gerus jou sak met herwinbare items tydens kantoorure of Sondae af by die herwinningsarea agter die

katkisasielokale. Kontak Maureen van Helden ☎0823922093 vir meer inligting.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
Kontak: Gert Visser ☎0834491036
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

Kontakpersoon:
Hardus Visser
☎0828215642

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR OKTOBER
Vandag. Diakonievergadering

GKSA NUUS

BEROEPE ONTVANG

- Proponent JN Hibbert (Josef) na Pietersburg-Noord
- Ds RJ Pretorius (Rynhardt) van Buffeldoorns na Benoni as medeleraar

OP DIE KENNISGEWINGBORD

- Geopende Deure
- FEBA Nuus
- Dam Dopper Pretdrag 27 Okt.
- GKSA Nuusbrokkies
- Sustersaamtrek 2019 – 9 Maart.
- Transoranje Instituut Nuus
- Verblyf beskikbaar op kampus by GK Cachet 2019
- Bybellandtoer 2019 Griekeland en Griekse eilande
- GK Cachet Eerstejaarskamp
- Songs of Praise 2 Desember

KLEIN ADVERTENSIES

- Wiskundeklasse. Elizma Powell ☎0792904140.
- Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop lekkergoed. Spareribs 10kg vir R650 – per boks. Spesiale kombo te koop met verskillende vleise, worse @R1 900. Snoek, visvingers, russians, viennas en gevriesde groente is ook te koop.
- Algemene herstelwerk, Renier de Beer ☎0748917646.

TRINITAS WORD 10 (2019)
Trinitas word 10 jaar oud in 2019 en ons beplan 'n groot fees. Hou die nuusbrief dop vir meer inligting!

KERSPROGRAM 2018
Ons beoog om vanjaar 'n koor of 'n klein ensemblegroep saam te stel om tydens die Kersprogram 'n paar items te sing. Indien jy belangstel, stuur asb. 'n SMS of 'n WhatsApp vir Maureen van Helden ☎0823922093.

FRANKFORT RIVIERTOER 2018
Kyk gerus op die kennisgewingborde vir meer inligting oor die jaarlikse Frankfort Riviertoer vir gemeentejeug wat aangebied word deur GK Frankfort.

OUERS BENODIG VIR JEUGBEDIENING
Ouers wat Jeugbediening kan aanbied vir Graad 7 en 8 word versoek om hul name aan Jacob Tromp ☎0829087325 deur te gee.

BEJAARDE LENTE-TEE 8 NOVEMBER
Alle lidmate bo 70 word hartlik uitgenooi na 'n lekker saamkuiergeleentheid op Donderdag, 8 November om 10:00 by die kerk. Laat weet asb. die kerkkantoor voor

31 Oktober of jy gaan bywoon. Jy kan ook jou naam op die lys in die saal skryf wat by die geel aansteekbord opgesit is.

KONTAK ONS
www.gktrinitas.co.za
GKTrinitas
Kerkkantoor: Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
Skriba: Gerrit van Wyk 0711032110
Koster: Elsa Prinsloo 0794778699
Kassier: Emil Janeke 0798725286
Afloskoster: Jan Swanepoel 0828422592
Orrelis: Nannes v.d. Walt 0833041841
Bankbesonderhede van kerk:
Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas
ABSA Tjekrekening 530340449
Diakonie bankbesonderhede:
ABSA Tjekrekening 530340457
Predikant: Peter Venter
☎0797338778
peter@gktrinitas.co.za

TOERUSTING
Kyk saam met Peter na ons Liturgie

Die Antwoorddiens – Die liefdegawes

Die liefdegawes, of diens van barmhartigheid, vorm deel van die gemeente se antwoord op die Woorddiens. Op so 'n wyse kan die gemeente ook sy dankbaarheid teenoor die Here bewys op 'n tasbare wyse as antwoord op die genadegawes wat God aan ons gee deur sy Woord.
Die gemeente moet verkieslik ingelig word waarvoor die liefdegawes bestem word sodat hulle kan kennis dra op watter wyse die genadegawes aangewend word as genademiddel wat God ook aan ander gee.
Ons kollekte is dus nie 'n vergoeding vir die erediens nie, maar 'n dankbaarheids-handeling teenoor die Here omdat ons sy woord mag hoor.

Huisgodsdiensriglyn
22 -28 Oktober 2018

Lees saam:
Rut 3

Agtergrond:
Die dors van die graan het plaasgevind in die aand. Die heersende wind het in die gebied laatmiddag tot vroegaand gewaai sodat die graan deeglik gedors kon word. Hierdie tyd van die dors het gewoonlik gepaardgegaan met partytjies deur die manne wat betrokke was by die dorsvloere. Hiermee saam was immorele gedrag dikwels ook aan die orde van die dag. Daarom was Boas besorg dat die gemeenskap sou sien Rut het by sy voete geslaap. Daar was 'n gevaar dat ooggetuies die verkeerde aannames kon maak. So sien ons in Rut 3 dat die regte optrede dikwels verkeerde gevolgtrekkings by die wêreld kan aanwakker.

Vrae:
- Waarom dink jy is dit belangrik dat Rut haar voorberei het om na die dorsvloere toe te gaan? (Vers 3)
- Waarom tree Boas as losser op as daar 'n nader familielid is? (Vers 12)
- Watter gevolgtrekkings kon getuies maak as hulle Rut die oggend sou sien? (Vers 14)

Bid:
- Vra dat God ons sal lei om gehoorsaam te wees ten spyte van dit wat die wêreld sê.
- Vra dat God ons geduldig sal laat wag op die uitkoms wat Hy beloof.
- Dank God dat Hy deur mense se gehoorsame optrede sy goedheid en beheer bewys.

Sing saam: Ps. 116:1

God het ek lief, want die getroue HEER
hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae,
Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

Kry die begeleiding by:
https://goo.gl/6UQcBv